




eduresourceza.com



NASIONALE SENIORCERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN MAART 2016

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A	Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B	Opsomming (10 punte)
Afdeling C	Poësie (30 punte)
Afdeling D	Kommunikatiewe taal (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees die volgende teks noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg:

Klieks – hoe om te oorleef

"Help! Daar is baie klieks by my skool, en ek weet nie lekker waar ek inpas nie. Ek voel nogal uit en weet nie hoe om dit te hanteer nie. Wat moet ek doen?"



- 1 In die meeste skole is kinders gewoonlik in een van twee verskillende groepies vriende:
 - Die kliek-tipe groep funksioneer soos 'n ketting wat aanmekaar kliek en is meestal nie gewillig om iemand nuuts toe te laat in hulle groep nie.
 - Die vriendeliker tipe groep is soos 'n bussie – daar is altyd plek vir nog iemand.
 - 2 Partykeer bestaan 'n kliek uit vriende wat al 'n paar jaar lank saam in 'n groep is. Ander klieks vorm omdat almal in die groep dieselfde belangstellings het. Nog ander voorbeelde van klieks of groepe wat vriende word, is: Die 'gewilde' kinders, die slim kinders, die sportiewe kinders, dié wat gereeld in die hoof se kantoor beland en so meer. Dit is nie altyd so dat hierdie verskillende groepe klieks vorm nie. Dit hang af van die tipe ouens en meisies in die groep wat veroorsaak dat hulle óf 'n kliek-groep óf 'n mensvriendelike groep word.
- Hanteer klieks so**
- 3 Fokus op hoe jy met ander mense kommunikeer en nie op wat ander van jou dink of sê nie. Jy het in elk geval nie beheer oor wat ander doen of sê nie, en ook nie oor watter klieks vorm nie.
 - 4 Wees vriendelik met almal (ja, selfs met kliek-mense), want 'n glimlag of om iemand te groet kos niks nie. Wanneer jy ongemaklik of onwelkom iewers voel, is dit 'n teken dat daardie groep nie goed vir jou sal wees nie.

- 5 Gun die klieks hulle spasie en vind jou eie plek waar jy inpas.
- 6 Skakel in by aktiwiteite wat die skool aanbied sodat jy meer geleenthede het om nuwe mense te ontmoet en vriende te maak. Wanneer jy lekker met iemand gesels en julle mekaar met respek behandel, is dit die tipe persoon wat by jou sal pas. Om iewers in te pas beteken dat jy die gevoel kry dat jy welkom is, deel voel en waardeer word vir wie jy is.
- 7 Dit kan vir 'n kind moeilik wees om op 'n jong ouderdom die onderskeid te tref tussen verskillende kliek-groepe. Om te verhoed dat hulle in die verkeerde kliekgroep beland, kan ouers help dat hulle kinders die regte keuses maak. Ouers kan hulle kinders van kleins af leer om goeie keuses te maak wanneer hulle potensiële vriende ontmoet.
- Reëls bly baie belangrik**
- 8 Gesinne het hulle eie reëls, wat aan hulle spesifieke lewenstandaarde en waardes gekoppel is. Hierdie reëls help kinders om goeie vriende uit te soek. Dit help hulle ook om doeltreffend op skool te funksioneer en dit laat hulle veilig voel. Selfs kliekgroepe vereis dat nuwelinge aan sekere reëls moet voldoen voordat hulle deur die groep aanvaar word. Ouers moet dus hulle kinders leer om onderskeid te kan tref tussen maatjies wat hulle veilig en gemaklik laat voel en dié wat dit nie doen nie. Kinders wil veilig voel terwyl hulle grootword, en waardes, in die vorm van reëls, skep voorspelbaarheid en 'n veilige omgewing vir die kind.
- 9 Kinders wie se ouers vir hulle geleer het om ander kinders nie emosioneel of fisies leed aan te doen nie, sal op die speelgrond ook so teenoor ander kinders optree. Hulle sal makliker kan kies by watter kliek hulle wil aansluit en hulle sal mekaar se gevoelens respekteer.

[Bronne: Christa Visagie, sielkundige en speelterapeut van Pretoria en *Hoezit!*, 13 Maart 2015]

- 1.1 Verduidelik die verskil tussen die kliek-tipe en vriendeliker tipe vriendekringe op skool. (2)
- 1.2 Wat bepaal of 'n groepie leerders saam 'n kliek-groep of 'n mensvriendelike groep is? (1)
- 1.3 Waarop moet jy **fokus** wanneer jy by 'n nuwe groep leerders aansluit? Noem twee dinge. (2)
- 1.4 Hoe weet jy dat jy nie in die regte vriendekring is nie? (1)
- 1.5 Hoe kan 'n mens meer vriende op skool maak? (1)
- 1.6 Hoe sal jy weet wanneer jy 'n **goeie vriend** ontmoet het? Noem twee dinge. (2)
- 1.7 Waarom moet kinders van kleins af kan onderskei tussen die verskillende kliekgroepe? (1)
- 1.8 **Wie** kan hierdie kinders help om makliker met ander kinders te sosialiseer? (1)

- 1.9 **Wat** help kinders om 'n beter keuse van vriende te maak? (1)
- 1.10 Hoekom is **waardes** vir 'n kind belangrik? Noem **twee** redes. (2)
- 1.11 **Hoekom**, dink jy, is emosionele leed **erger** vir 'n kind as fisiese leed? (1)

[15]

eduresourceza.com

VRAAG 2

VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

Die volgende spotprent en beriggie het op Netwerk24 se webwerf verskyn. Lees die berig en bestudeer die spotprent noukeurig. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Tronkvoëls leef lekker

Dit gaan al te jollie 'met DSTV, selfone en duur konjak'

Deur **Philda Essop**, Donderdag 9 Mei 2013



KAAPSTAD. – Hulle het selfone, mobiele DSTV-toestelle en duur konjak. Hulle kyk saans *The Bold & The Beautiful* en bel mense laatnag oor internasionale sokkerwedstryde.

Dit is hoe sommige gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke leef.

[Bron: *Die Burger* 9/5/2013]

- 2.1 Waaroor is die gevangene nommer 1 ongelukkig? (1)
- 2.2 Hoe dra bewaarders by tot die "probleme" in die tronk? (1)
- 2.3 Hoekom kan gevangene nommer 2 nie hoor wat die bewaarder sê nie? (1)
- 2.4 Wat word die kamer waarin hierdie gevangenes in die tronk woon, genoem? (1)

- 2.5 Vul die ontbrekende woord in.
Die bewaarder bedien al die gevangenes asof hy 'n ... in 'n restaurant is. (1)
- 2.6 Gee **een** bewys uit die spotprent wat aandui dat die gevangenes **nie tot hulle eie kamers beperk is nie**. (1)
- 2.7 Kyk na gevangene nommer 3. Hoe kan hy met mense **buite** die tronk kommunikeer? (1)
- 2.8 Kyk na die graffiti oor die regter (nommer 4) teen die muur langs die deur. Hoe, dink jy, voel gevangenes oor alle regters? (1)
- [8]

VRAAG 3

VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

**WEN 'N VAKANSIE NA THAILAND
TER WAARDE VAN R75 000**


Vakansie hou hoef nie jou maandelikse inkopie-begroting te sny nie.

**Koop Die Burger by jou naaste Pick n Pay,
gebruik jou 'smart shopper' kaart
en jy kan een van vyf gelukkige lesers wees
om groot pryse te wen.**

Eerste prys
'n Vakansie ter waarde van R75 000
Dit sluit in:

- Sewe nagte in 'n luukse kamer met see-uitsig by die Kola Samui-hotel in Koh Samui, Thailand
- Vlugte, pendelvervoer en ontbyt vir twee persone word ingesluit. Die vakansie is onderhewig aan beskikbaarheid.

Ander pryse
Daar is ook 1 MILJOEN 'smart shopper' punte op die spel
Besoek www.pnp.co.za vir bepallings en voorwaardes.



DIE BURGER **Pick n Pay** **Thompsons** **Thompsons**

[Bron: Die Huisgenoot, 30 Oktober 2014, Media 24, Kaapstad]

- 3.1 Watter **kettingwinkel** bied hierdie prys aan? (1)
- 3.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.2) en letter in jou antwoordblad.
- Die vetgedrukte woorde in die volgende sinsdeel " ... hoef nie jou maandelikse inkopie-begroting **te sny nie**" beteken om jou begroting te ...
- A verdubbel
B kanselleer
C verminder
D ignoreer (1)
- 3.3 Wie is die **drie borge** van die pryse? (1)
- 3.4 Kyk na die sakkie met produkte daarin. Gee **een woord** vir al die produkte **in die sakkie**. (1)
- 3.5 **Haal 'n woord** uit die advertensie **aan** wat aandui dat die Kola Samui-hotel naby aan die strand is. (1)
- 3.6 **Waar** kan die *bepalings en voorwaardes* vir hierdie kompetisie gelees word? (1)
- 3.7 **Wat** probeer die kettingwinkel **verhoed/voorkom** deur 'n **vakansie** as eerste prys aan te bied? (1)
- [7]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4****Pa se wenke vir 'n veilige rit**

Die jongman ry na 'n vakansie by die huis terug universiteit toe. Sy pa gee vir hom wenke hoe om veilig te ry. Lees die gesprek tussen die pa en die seun aandagtig deur.

- Som die pa se **vyf wenke** vir 'n veilige rit op. (Elke wenk moet ook 'n rede daarvoor insluit.)
- Nommer die sinne van 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke sin.
- Skryf die woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die leesstuk aanhaal nie.
- Skryf die opsomming in vyf volsinne van **70 woorde** neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (langer as 80 woorde) is.
- Trek 'n streep deur jou beplanning



[Bron: Google images]

- Kind: Ek kan nie glo die vakansie is verby en dat die universiteit oor 'n week begin nie.
- Pa: Jy en jou twee vriende wat saam met jou ry, moet seker maak dat julle veilig daar aankom.
- Kind: Ons sal, Pa! Pa weet tog ek is nie 'n roekelose bestuurder nie.
- Pa: Jy moet nie toelaat dat jou passasiers onveilig in die motor sit nie. Om in die motor beskerm te wees, moet alle passasiers hulle sitplekgordels vasmaak.
- Kind: Ai, Pa, ons is mos nie dom nie.
- Pa: Hou die voetspasie om jou voete oop wanneer jy bestuur sodat jy ongehinderd kan rem trap wanneer daar 'n noodsituasie is.

Kind:	Soos Pa tekere gaan, sou 'n mens sweer ek het gister eers my rybewys gekry.
Pa:	Moenie met my argumenteer nie! Dis meer as 1000 km ver na die universiteit toe. Pak eers al die groot, swaar items onder in die bagasiebak om te verseker dat die gewig eweredig versprei is.
Kind:	Ai, Pa. Ek wéét hoe om 'n motor te pak!
Pa:	Moenie die binnekant van jou motor gebruik vir bagasie nie. Items kan onverwags vorentoe vlieg as jy rem trap en jou passasiers beseer. Het jy al gedink wat jy kan doen as jy 'n pap wiel het?
Kind:	Moet Pa nou aan sulke negatiewe dinge dink? Niks gaan op pad verkeerd loop nie.
Pa:	Mmmm ... Julle kinders dink julle kan niks by ons leer nie, maar ek gaan nog een laaste ding sê voordat ek stilbly: As jou motor volgelaai is, gaan die motor anders reageer as waaraan jy normaalweg gewoond is. Jy sal dus jou bestuurstyl hierby moet aanpas wanneer jy bestuur.

10 punte

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

- 1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakke,
2 deel granate in die boord,
3 lees boeke in hulle soeke na kennis
4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.
- 5 As kind bly my ma op 'n ruim erf
6 met 'n grasperk en twee bome,
7 sit sy vasgenael voor die kassie –
8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
9 Sy ken mense wat al oorsee was!
10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.
- 12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
13 die web is my werf en Gumtree my boom.
14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
18 Die moontlikhede is duiselingwek-
19 kend GROOT en die wêreld het so
20 klein geword dit pas in die
21 twaalf vierkante
22 meter van my
23 kamer
24 in.

[Bron: Jacobs, Jaco (samesteller). 2011, *Toulopers*, LAPA Uitgewers, Pretoria]

- 5.1 Hoeveel geslagte van sy/haar familie word deur die spreker in hierdie gedig beskryf? (1)
- 5.2 Wie, volgens die gedig, het met die minste dinge klaargekom? (1)
- 5.3 Watter geslag het die meeste geleenthede benut om buite te speel? (1)
- 5.4 Noem een **voordeel** van die spreker se lefwêreld. (1)
- 5.5 Wat was die **enigste bron van inligting** in ouma se tyd? (1)
- 5.6 Hoe verskil die spreker se ma se **ruimte** van dié van sy/haar ouma se ruimte? (1)
- 5.7 Sê in jou eie woorde wat die ma se **droom** was. (1)
- 5.8 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit strofe 3 aan. (1)

- 5.9 Hoe **kontrasteer** die spreker se leefruimte van sy/haar leefwêreld? (1)
- 5.10 Hoekom word die laaste sewe reëls van die gedig geleidelik korter totdat daar net een woord in die slotreël is? (1)
- [10]

eduresourceza.com

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Susan Boyle – Kobus Grobler

- | | |
|----|--|
| 1 | daar staan jy inskrywing 43212 |
| 2 | voor die pilatusse van <i>Britain's got talent</i> |
| 3 | aangeja soos 'n skaap |
| 4 | miserabel vaal in die lig verguis |
| 5 | die monobrou en die kapsel raam |
| 6 | jou vertelsel van 'n klein Nasaret |
| 7 | Simon spot, skares jou uit: |
| 8 | jy is die grap van die jaar |
| | |
| 9 | met die eerste woorde van <i>I dreamed a dream</i> |
| 10 | het jy vanuit vernederende vooroordeel |
| 11 | hulle en miljoene ander op YouTube |
| 12 | in ongeloof laat aanskou |
| 13 | hoe jy jare se troeteltalent |
| 14 | aan die hele wêreld skenk |

[Bron: Jacobs, Jaco (samesteller). 2011, *Toulopers*, LAPA Uitgewers, Pretoria]

- 6.1 "Voor die pilatusse van *Britain's got talent*" (reël 3)
- 6.1.1 Na wie verwys die "pilatusse"? (1)
- 6.1.2 Wat is hulle funksie? (1)
- 6.2 Wat was die gehoor se reaksie voordat sy begin sing het? Noem twee feite. (2)
- 6.3 6.3.1 In watter reël vind die wending (verandering) plaas? (1)
- 6.3.2 Skryf slegs die ontbrekende woord neer:
'n Gedig wat uit 14 reëls bestaan en wat in 'n oktaaf en 'n sestet verdeel is,
noem ons 'n ... (1)
- 6.4 Waarom, behalwe dat sy dit goed kon sing, het sy juis hierdie lied (reël 9) gekies? (1)
- 6.5 Kies slegs die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (6.5) en die letter in jou Antwoordblad neer.
- "vanuit vernederende vooroordeel" is 'n voorbeeld van ...
- A enjambement.
- B hiperbool.
- C assonansie.
- D alliterasie. (1)
- 6.6 Haal **een woord** uit strofe 2 aan wat aandui dat die gehoor nie gedink het Susan Boyle kan sing nie. (1)
- 6.7 Verduidelik hoekom haar talent beskryf word as 'n **troeteltalent**. (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die beginner – Ina Rousseau

- 1 Die kind trek met sy tekenkryt figure,
- 2 rangskik rustig sy lewe op die papier.
- 3 Hierdie gebou met sonneblomgeel mure,
- 4 oranje drumpel, fesrooi dak en vier

- 5 hiasintblou vensters is sy ouerhuis.
- 6 Verder is daar 'n gifgeel draak,
- 7 papegaaigroen gras, 'n kraaiswart muis
- 8 en blomme met sinnaber rooi gemaak.

- 9 Die ander kleure bly onaangeraak.
- 10 Misblou, gryswit, die kleur van klip,
- 11 kaneel en wolke val nie in sy smaak.

- 12 Dié sal hy eers later wil hanteer
- 13 wanneer die lewe, doelgerig en stip,
- 14 hom onderrig het in haar skaduleer.



[Bron: *Die stil middelpunt*, 2003 Human & Rousseau, Kaapstad]

- 7.1 Watter item in strofe 1 dien as bewys dat die kind nog redelik jonk is? (1)
- 7.2 Haal een woord uit strofe 1 aan om die kind se gemoed/bui te beskryf. (1)
- 7.3 Die rymskema is ABAB. Wat noem ons hierdie rymskema? Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou antwoordblad. (1)

A Paarrym B Kruisrym C Omarmde rym D Vrye vers
- 7.4 Waarom gebruik die spreker die woord **sonneblomgeel** (reël 3) in plaas van die intensiewe vorm **goudgeel**? (1)
- 7.5 7.5.1 Wat simboliseer die helderkleurige tekenkryt? (1)

7.5.2 Wat simboliseer die dowwe kleure van die tekenkryt? (1)

7.5.3 **Waarom** gebruik die kind **nie** kleure soos misblou en gryswit **nie**? (1)
- 7.6 Wie/Wat is **haar** in reël 14? (1)
- 7.7 Die titel van die gedig verwys na 'n beginner. Op watter **twee** gebiede is hierdie kind nog 'n "beginner"? (2)


[10]

30 punte

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder oor Hägar, Helga en hulle seun, Hamlet. Herskryf die sinne soos aangedui:



[Bron: Die Huisgenoot, 1975]

8.1 Hägar sit en drink sy drankie by die kombuistafel.

Gister ...

(1)

8.2 Helga skel elke dag haar lui man voor haar seun uit.

Haar lui man ...

(1)

8.3 "Ons het 'n gediggie geskryf om jou te help," sê Helga.

Helga sê dat ...

(1)

8.4 Helga skreeu op Hägar, want hy meng by haar praatjie in.

Helga skreeu op Hägar omdat ...

(1)

8.5 Die huis is op die platteland. Hägar sit in die huis.

Die huis waarin ...

(1)

8.6 Hägar weet hy moet nie inmeng nie.

Hägar weet hy behoort ... (1)

8.7 Hägar het die huis tien jaar gelede gebou.

Die huis ... (1)

8.8 Helga borsel elke oggend haar hare sodat sy dit kan vleg.

Helga borsel elke oggend haar hare om ... (1)

8.9 Hägar is bang vir Helga.

Hägar hoef ... (1)

8.10 Gisteroggend het Helga vir Hägar uitgeskel.

Op hierdie oomblik ... (1)

8.11 Het Helga al ooit voorheen so hard geskreeu?

Nee, ... (1)

8.12 Hulle seun moet besluit om 'n hertog te word. Hy moet besluit om 'n Wiking te word.

Hulle seun moet besluit om of ... of ... (1)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder. Lees die daaropvolgende paragraaf deur en doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf slegs die nommer en die korrekte antwoord in jou Antwoordboek neer.



[Bron: Die Burger, 27/09/2013, Media 24, Kaapstad]

Al die **9.1** (verskrik – gee die verlede deelwoord) diere het van die mense weggehardloop. Gelukkig is daar 'n **9.2** (hoog – gee die korrekte vorm) muur om die **9.3** (terrein / terrein – kies die korrekte woord) waarin die diere is. Die toeriste kyk na die polisieman en die ou man **9.4** (i.p.v. – skryf die afkorting uit) om na die diere te kyk. Die man wat **9.5** (vir / aan – kies die korrekte voorsetsel) die reling vashou, het 'n woeste **9.6** (_____ – een woord vir al die hare op sy gesig). Hy is **9.7** (baie kwaad – gee die intensiewe vorm), want die polisieman wil hom wegneem. Gelukkig het die ander man alreeds 'n paar **9.8** (foto – gee die meervoud) geneem voordat die diere weggehardloop het. Sy seun pluk aan **9.9** (hom/hy/sy – kies die korrekte voornaamwoord) pa se **9.10** (baadjie – gee die verkleinwoord) en wys met sy vinger na die **9.11** (spring – gee die teenwoordige deelwoord) diere. Die jong seun het 'n

9.12 (rug sak/rugsak – kies die korrekte vorm) op sy rug. Die vrou **9.13 (protes – gee die korrekte vorm van die woord)** luidkeels en probeer keer dat die polisieman die ou man arresteer.

Slegs een van die bokke in die verte is 'n **9.14 (ram – gee die vroulike vorm)**.

Dit was net die **9.15 (4 – skryf die woord)** bokke wat by die muur gestaan het wat die

9.16 (groot – gee die oortreffende trap) geskrik het.

[8]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

Dit is die begin van 'n luukse bootreis. Die passasiers staan bo-op die dek en kyk af na al die mense wat op die hawe staan.



[Bron: Google images]

- Lees die inligting hieronder wat op die prentjie gebaseer is, deeglik deur.
 - Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
 - Skryf elke keer net die woorde neer van die persoon wat praat.
 - Elke respons moet tussen **15 en 20 woorde** lank wees.
 - Die respons kan uit **een of twee sinne** bestaan.
- 10.1 Die jong meisie (links) waai **opgewonde** vir haar familie, wat by die hawe is om hulle te groet. Sy roep na hulle sodat hulle kan sien waar sy is. **Skryf haar woorde neer.** (2)
- 10.2 Die jong man (in die middel) **stel sy vrou gerus** dat 'n bootreis op die oop see nie gevaarlik is nie. Wat sê hy vir haar om haar gelukkig te hou? (2)
- 10.3 Die vrou (in die middel) is **baie gelukkig** oor wat haar man nou net vir haar gesê het. Wat sê sy vir hom? (2)
- 10.4 Die vrou met die hoed op haar kop lyk gelukkig, maar sy is eintlik **hartseer**, want haar kinders kon nie die bootreis saam met hulle meemaak nie. Skryf neer wat sy dink. (2)
- 10.5 Die man (heel regs) het onlangs opgehou werk en hy is nou met pensioen. Hy **kan nie glo** dat hy nou ander dinge kan doen **nie**. Wat sê hy vir sy vrou van sy "**nuwe**" lewe? (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte